

Dinsdag 2 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8, 16

Fokusgedeelte: Johannes 15:5, 16;
Heidelbergse Kategismus 32:86

Goeie werke as gawe en opgawe

Die vraag wat die deur na die leer oor die dankbaarheid van ons belydenis open, sluit uitdruklik aan by die leer oor ons *ellende* en ons *verlossing* daaruit. Christus het aan die kruis vir al ons sondes betaal. Met sy bloed het Hy ons gekoop en ons tot sy eiendom gemaak. So het Hy ons met God versoen. In sy groot genade het Christus dit egter nie daarby gelaat nie. Hy het nie net vir ons skuld betaal nie, maar deur sy Heilige Gees gee Hy ons 'n ander gesindheid, wat Hy deur weergeboorte en bekering in ons bewerk. Die gevolg is dat ons nie meer die beeld van die duiwel vertoon nie, maar sy beeld en derhalwe die beeld van God.

Die resultaat van Christus se heiligende en vernuwende werk in ons deur die Heilige Gees is onder andere dat ons goeie werke doen. Daarmee erken ons dat ook die goeie werke wat ons doen, ten diepste van Hom afkomstig is. Dit is 'n baie belangrike saak wat ons nie mag vergeet nie. Ons goeie werke is geen teenprestasie wat sy oorsprong in ons vind nie. Nee, dit is Christus wat ons deur sy Heilige Gees dankbaar maak vir sy verlos-sing en ons daarom ook die gewilligheid en begeerte gee om goeie werke te doen. Hierdie feit word baie duidelik getoon as Christus sê: “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5).

Wanneer Christus as die ware wingerdstok sy Heilige Gees aan ons, sy lote, gee, kan ons nie anders as om vrugte te dra, dit wil sê goeie werke te doen nie. As daar geen vrugte van dankbaarheid, geen goeie werke by ons gevind word nie, toon dit dat ons geen ware geloofsgemeenskap met Christus as die wingerdstok het nie.

Die doen van goeie werke het egter twee kante. Aan die een kant is dit 'n *gawe* van Christus deur sy Heilige Gees, maar aan die ander kant is dit 'n *opgawe* ('n eis of bevel) van Christus aan ons. Christus sê immers in Johannes 15:16: “Ek het julle aangestel om vrugte te dra” (goeie werke te doen). Aan die een kant moet ons besef dat as ons goeie werke doen, ons niks het om in te roem nie. Dit is gawes van God. Die inisiatief en die krag om dit te doen, kom van die Here af.

Maar omdat God in ons werk, moet ons self ook werk (Fil. 2:12, 13). Daarom, aan die ander kant, is die doen van goeie werke ook 'n roeping en 'n plig wat God op ons plaas. In verantwoordelikheid voor God *moet* ons goeie werke doen (Matt. 5:16).